

DIE VLEUELS VAN GEBED (21)

DIE VLEUELS VAN GEBED (21) – Jan van der Watt

Die spore van God in die geskiedenis.

'n Mens sou nou in alle billikheid kon vra: 'Is daar nie darem 'n aanduiding van waar en hoe ons God se wil kan verwag nie?' Ons moet mos immers ook weet wat God se wil is as ons volgens God se wil moet bid!

Dit is nou natuurlik nie altyd so dat God ons gebede op verrassende maniere beantwoord nie. Gewoonlik is dit duideliker en eenvoudiger om God se antwoord te herken as in die geval van Paulus hierbo. (So tussen hakies, dit is 'n goeie idee om jou eie 'gebedsantwoordboekie' te hê. Daar sal jy duidelik kan sien hoe God jou gebede beantwoord. Dit kan nogal baie vir jou geloof ook beteken!). Die vraag is natuurlik hoe ons God se wil leer ken.

God se wil in die geskiedenis

Niemand het God nog ooit gesien nie. Wat ons wel van Hom sien, is sy **dade** in die geskiedenis. Daar kan ons sy wil leer ken en iets van sy hart sien.

* Dit is veral in die **Bybel** waar ons die voetspore van God deur die geskiedenis sien. Daar kan ons sy wil leer ken. Daarom is Bybelstudie onlosmaaklik deel van ons gebed. Die Bybel vertel van God se geskiedenis met ons. Daar kan ons sien waarvan Hy hou en waarvan nie.

Dit beteken dat jy die Bybel biddend moet lees. Daar moet en

sal jy God se woord hoor. Nou moet ons ook nie die fout begaan om van die Bybel 'n 'toerboek' te maak nie. Die gewoonte om die Bybel enige plek oop te slaan en dit dan as God se onfeilbare antwoord te sien, is nie aan te beveel nie. Dit kan soms selfs misleidend wees. (Dit is egter nie te sê dat God nie soms wel ook so met jou sal of wil werk nie. Dit is egter nie die normale manier nie). Jou bybelstudie kan veral op twee maniere vir jou help om God se wil te ontdek.

1. God kan deur die loop van jou **normale bybelstudie** – of selfs deur iets soos 'n preek – vir jou inligting gee wat Hy later wil gebruik. Op daardie oomblik is dit nie vir jou so belangrik nie. As jy later in 'n situasie kom waar jy nie weet hoe verder nie, herinner God jou juis aan daardie woorde. 'n Mens kan byvoorbeeld maklik lees dat die Here sê dat 'n gelowige vir sy Christenskap kan ly. Hy beloof ook dat Hy jou in die lyding sal bystaan! Hoe ly ons nou eintlik vandag? Daar is niemand wat ons met swaarde vervolg of in tronke gooi vir ons geloof nie. Die woorde gaan eintlik op die stadium dat jy dit lees by jou verby. Dan gebeur iets by die werk. Jou baas wil hê dat jy oneerlik moet wees om 'n baie belangrike transaksie te beklink. Dit sal by die werk in alle opsigte vir jou voordelig wees om dit te doen. Nou wonder jy wat die Here wil hê. Jy bid daaroor en soek sy wil. Eintlik weet jy diep in jou hart dat die Here nie sy siel aan geld verkoop nie, veral nie deur oneerlikheid nie. Maar jy weet ook dat dit vir jou sleg sal wees om nie te doen wat die baas vra nie. En dan onthou jy wat jy destyds in jou Bybel gelees het: Daar mag oomblikke kom dat jou keuses vir Jesus vir jou baie sleg sal wees. Dit sal jou laat ly! Maar die Here se veiligheidsnet is onder jou gespan om jou op te vang as jy swaarkry. Dan weet jy sommer ook wat om te kies. So gebruik God sy woord om jou in sy wil te lei.

2. As jy biddend met die Bybel voor jou sit, praat die Here ook soms net daar met jou. As 'n mens met 'n **spesifieke vraag**

die Bybel lees, sien 'n mens die antwoorde ook soveel makliker raak. Sê maar jy is 'n tiener wat wil weet of jy na 'n partytjie toe moet gaan waar al die 'cool' kinders ook sal wees. As dit van jou afgehang het, sou jy definitief gegaan het. Maar jy wil eers hoor wat die Here daarvan dink. Hoe gaan jy uitvind? In jou stiltetyd is jy juis by Kol 3:17: *'En wat julle ook al sê of doen, sê en doen dit alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom.'* Biddend dink jy na oor hierdie woorde. Die Here antwoord jou nie reguit nie. Hy sê nie 'ja' of 'nee' vir die partytjie nie. Hy sê wel dat **jy** moet besluit of Hy ook daar tuis sal voel. Hy wil immers oral gaan waar jy gaan! God gebruik ook jou wysheid en insig in die antwoorde wat Hy gee.

Dit is natuurlik ook belangrik om te onthou dat die manier waarop God die sigbaarste met ons gepraat het, is **deur Jesus Christus**. Sy lewe moet vir ons die patroon en voorbeeld vir ons eie optrede wees. *'Wie beweer dat Hy in Hom bly, behoort self ook te lewe soos Jesus gelewe het'* (1 Joh 2:6). Deur die voorbeeld van Jesus wil God ons lei. Daar kan ons sien wat God van ons verwag.

* Die Here is egter nie net in die Bybel toegesluit nie. Hy is elke dag ook saam met my. Hy is deel van my lewe! Daarom kan ek ook die spore van sy teenwoordigheid in my eie lewe aflees. Dikwels wil ek 'n sekere ding hê of doen. Tog loop alles skeef. Dit verloop nie soos wat ek dit beplan nie. Moet ek nie iets daaruit aflei nie? Of by 'n ander geleentheid mag ek voel dat die Here van my verwag om 'n spesifieke ding te doen. Ek is egter die een wat nie kans sien nie. Tog voel dit telkens vir my of die Here sy 'hand op my skouer sit' om juis my aandag op daardie saak te vestig.

Die probleem met hierdie manier van goddelike leiding is dat dit nie swart op wit geskryf staan nie. Ek werk met

'gevoelens', maar sê nou net my 'gevoel' is verkeerd?!

Om so in **twyfel** te verval is seker die aakligste deel van gebed, as daar inderdaad 'n aaklige deel is. Net as ek seker is God wil hê dat ek iets moet doen, slaan die twyfel my voete onder my uit. Ek begin wonder of dit regtig God is wat dit wil hê. Is dit nie miskien maar net ek wat dit graag wil hê nie. Nou dink ek sommer God wil dit ook hê. As dit so is, sê die twyfel vir my, dan sondig ek mos teen God. Dan gaan God mos hierdie saak nooit seën nie. As ek nou besluit om dit nie te doen nie, begin die twyfel weer aan daardie kant vreet. Sê nou maar net dit was God wat wou hê dat ek die ding moes doen... Wat 'n senutergende ondervinding is dit nie. Jakobus moes sekerlik deur hierdie proses gegaan het, want hy beskryf dit so goed:

Maar 'n mens moet gelowig bid en nie twyfel nie,

want iemand wat twyfel,

is soos 'n brander in die see wat deur die wind aangejaag

en heen en weer gedryf word.

So 'n mens wat altyd aan die twyfel is

en onbestendig is in al sy doen en late,

moet nie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie.

(Jak 1:6-8)

Die 'medisyne' wat Jakobus vir die twyfel voorskryf, is **geloof**. Geloof aanvaar die teenwoordigheid van God in jou lewe. Dit is die vertrouwe dat Hy ook betrokke wil wees by jou sake. Daarom kan 'n mens met vertrouwe bid.

Skrywer: [Prof Jan van der Watt](#)

DIE VLEUELS VAN GEBED (20)

DIE VLEUELS VAN GEBED (20) – Jan van der Watt

God verhoor nog gebede!

Hoe verhoor God gebede? Dit is seker die moeilikste vraag om te beantwoord as 'n mens oor gebed begin praat. Die groot gevaar is dat mense tou opgooi met gebed as hulle gebede nie dadelik na hulle goeddunke beantwoord word nie. Daarom is dit belangrik om te vra: Verhoor God gebede. Indien wel, Hoe?

God verhoor gebede

Oor 'n paar dinge hoef 'n mens nie eers te argumenteer nie:

*** God verhoor gebede.** Dit het Dawid self bevestig in een van sy psalms:

Ek roep U aan,

want U sal my antwoord,

my God!

(Ps 17:6)

Ons kan dus met verwagting na God gaan. Hy sál ons antwoord, nie noodwendig altyd direk of dadelik nie, maar Hy sál antwoord (vgl. Jer 33:2-3; Mat 7:7-11; Luk 11:9-13). Hoe Hy ons sal antwoord en of ons altyd sy antwoord dadelik sal herken, is natuurlik 'n ander vraag.

*** God is nie 'n lekkergoedmasjien wat maar net meganies gebede**

beantwoord nie. Dit gaan om 'n **verhouding** tussen die bidder en die lewende God wat 'n dinamiese werklikheid is. God het 'n plan met die gelowige se lewe wat nie altyd vir die gelowige duidelik is nie. Soms neem God die mens op 'n pad wat vir hom of haar nie duidelik is nie. God weet egter waarheen die pad lei. Daarvoor moet ons Hom maar net vertrou. Die antwoord op gebed werk nie bloot meganies nie.

*** God verhoor gebede wat volgens sy wil is.** Dink net: sou dit reg van God gewees het om gebede te verhoor wat nie volgens sy wil is nie? Sou Hy Homself dan nie geboikot en so ontrou aan Homself gewees het nie? Natuurlik. Nee, God verhoor gebede volgens sy wil. Die gelowige moet dus aanvaar dat alles vir hom of haar uiteindelik ten goede sal meewerk. Dit is immers wat God vir die gelowige wil hê en wat Hy beloof.

Here, ek wil graag weet wat U wil!

God antwoord gebede **volgens sy wil**. Hierdie antwoord is nie altyd wat ons vra nie. Boonop kan dit soms 'n tydjie neem voordat dit vir ons lyk of God ons antwoord. Hoe weet ek as ek 'n belangrike besluit moet neem, dat dit wat ek gaan doen God se wil is?

Omdat God nie soos 'n robot meganies op ons gebede antwoord nie en ook met 'n spesifieke plan vir ons lewens werk, kan daar nie 'n resep gegee word nie.

Neem nou maar vir Paulus self. In 2 Kor 12:7-9 vertel hy dat hy 'n groot probleem gehad het wat hom baie gepla het. Dit was die doring in die vlees. Hy het die Here gebid om die doring weg te neem, want volgens hom was dit soos die 'boodskapper van satan wat hom met vuiste slaan'. Daaruit kan ons aflei dat Paulus gevoel het hy sy werk vir die Here soveel beter sou kon

doen as hierdie struikelblok uit die weg geruim is. Dit lyk tog duidelik na 'n gebed 'volgens die wil van die Here'.

Paulus het gebid, maar 'niks' gehoor nie. Toe bid hy weer, maar weer is alles stil! 'n Derde maal bid hy en wag... maar die hemelse faksmasjiene is stil en die telefone lui nie. Dit moes sekerlik vir Paulus snaaks gewees het.

Toe luister hy weer 'n keer mooi. Wat 'n ontdekking maak hy toe nie! God het hom al lankal geantwoord. God het die eerste maal al vir hom gesê: *'My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is'* (2 Kor 12:9). Paulus moes uit die antwoord iets oor homself en God leer. Hy wat Paulus is, het begin hoogmoedig word (2 Kor 12:7). Hy het begin dink dat hy die groot onmisbare apostel is. Hierdie doring in die vlees het sy spoed 'n bietjie gebreek. As hy net daarvan ontslae kan raak, sal 'sendingveld' nie weet wat hulle getref het nie!

Maar God wou vir Paulus iets anders sê. Hy praat juis met hom deur die doring. Dit laat Paulus besef waar sy krag vandaan kom. Dit is die Here wat die 'sendingveld' sal tref, nie Paulus nie. Paulus is maar net God se instrument. Dit was Paulus se antwoord op sy gebed. As Paulus 'n bietjie terugstaan en God se krag die geleentheid gee om te werk, DAN geskied God se wil!

As 'n mens mooi na hierdie gebeurtenis kyk, kan 'n mens duidelik sien dat God se wil tog uiteindelik geseëvier het. Paulus kon maar 'n stukkie van God se plan sien. Hy het daarom gedink God moet op 'n sekere manier optree. God kyk egter wyer; Hy sien meer raak. Daarom het Hy anders geantwoord as wat Paulus verwag het. Na wat vir hom na 'n 'nee' gelyk het, was juis God se 'ja'. So het Paulus die grense van gebed al biddend leer ken. God het hom stelselmatig gelei tot 'n

antwoord, maar ook tot insig in die antwoord wat God vir Hom gegee het.

Uit hierdie gebeure met Paulus kan ons 'n paar dinge leer oor die manier waarop God gebede verhoor.

* Dikwels verander jou situasie nie, al mag jy vurig daarvoor bid. Die Here verander jou liever. Deur jou so te slyp, vorm Hy jou om hierdie en baie ander situasies soveel beter te hanteer. Hy maak jou meer bruikbaar in sy koninkryk. God kan dus soms op verrassende maniere antwoord waar jy dit soms nie verwag nie.

* Dit veronderstel 'n tweede saak, naamlik 'n gewilligheid om die leiding van God te aanvaar; nie soos jy dit noodwendig wil hê nie, maar soos God dit gee. Jy moet dit regtig bedoel as jy sê: 'Laat U wil (in my) geskied'. Dit beteken om in oorgawe God se leiding en antwoorde op gebed te aanvaar. Die gevoel wat ons soms kry dat God nie gebede beantwoord nie, het dikwels meer daarmee te doen dat ons nie God se leiding onvoorwaardelik wil aanvaar nie, as wat dit daarmee te doen het dat God 'nie antwoord nie'. My gesindheid moet reg wees. Ek moet soekend en tastend op God se wil in gebed wag.

Maar waarom moet ons dit onvoorwaardelik aanvaar? Omdat dit **GOD** se wil is! Juis daarom moet ek bereid wees dat my ernstigste probleme in die genade van God tot rus kom. Ek moet sy liefde toelaat om my vrese te omvou. Ek moet my wil in sy wil 'begrawe', sodat Hy sy doel volledig in my kan bereik. In vertroue moet ek kan sê: 'Ek weet my saak is in die Here se hande en dit is vir my genoeg!' Met so 'n gesindheid van aanvaarding sal jy soveel makliker God se antwoorde kan hoor, omdat jy bereid is om te luister.

Die bedding waarin die saad van verhoorde gebede groei is dus

'n 'gelowige wag' op die Here. Daaruit put 'n mens krag! Soos Jesaja sê:

Die wat op die Here wag kry nuwe krag.

Hulle vlieg met arendsvlerke,

hulle hardloop en word nie moeg nie,

hulle loop en word nie afgemat nie.

(Jes 40:31)

* Die 'grense' van gebed is **God self** en daarom is die maniere waarop ons gebed beantwoord kan word, onbeperk. Vir die mens verskaf dit miskien moeilikheid omdat hy nie God in duidelike blokkies kan indeel nie. Maar dit skep die ruimte vir die almag van God om sy volle loop te neem. Gebed het immers nie krag omdat dit gebed is nie, maar omdat God dáár is. Gebed gee ons toegang tot sy krag!

* Wie dit besef sal ook besef dat die verhoring van gebed nie 'n reg is nie, maar 'n voorreg.

Skrywer: [Prof Jan van der Watt](#)

DIE VLEUELS VAN GEBED (19)

DIE VLEUELS VAN GEBED (19) Jan van der Watt

Here, ek wil U iets VIR ANDER MENSE vra.

Die oomblik dat jy 'n gelowige word, word jy deel van 'God se span', sy familie. En die oomblik dat jy deel van sy familie word, word jy opgeneem in die netwerk van sy belange. Dit impliseer **voorbidding** vir mekaar. Voorbidding is in die eerste plek dus vir mede-gelowiges.

Die hemelse posdiens is tot jou beskikking!

Die hart van voorbidding lê dus daarin dat ons aan Jesus behoort. Ons is almal deel van sy koninkryk op aarde. Daarmee saam is ons van mekaar afhanklik soos soldate in 'n oorlog van mekaar afhanklik is, of die lede van 'n rugbyspan op mekaar peil trek. Nou het die Here dit vir ons deur gebed moontlik gemaak om mekaar te ondersteun en aan mekaar goddelike 'geskenke' te stuur. Kyk hoe stel Paulus dit:

Dit is God wat ons uit groot doodsgevaar gered het en ons weer sal red...

Daartoe werk julle mee deur vir ons te bid.

*So sal die gebede van baie 'n seën van God vir ons bring,
en dan sal baie Hom vir ons dank.*

(2 Kor 1:10-11)

Hoewel Paulus en die Korintiërs ver van mekaar af was, was dit gebed wat die onsigbare brug tussen hulle gebou het. Deur gebed kon hulle die seënryk gawes van God aan Paulus laat aflewer (vgl. ook Rom 15:30; Ef 6:18-19; Kol 4:3-4). Dit is dus nie net asof hulle maar net gebid het nie. Nee, daar het iets gebeur. Hulle gebed in Korinte het vir Paulus, sê in Efese, die sluise van seën laat oopgaan. 'n Mens sou kon sê

dat God die hemelse posdiens tot ons beskikking stel om gawes aan mekaar te stuur; dit maak nie hoe ver ons van mekaar af is nie!

Wat 'n wonderlike gawe is dit nie wat God aan ons gegee het nie! Jou kind of ma kan ver van jou af wees, maar nooit te ver om deur die seën van gebed te bereik nie! Of jou kind wat in die teater alleen tussen al die pype en dokters lê... gebed bind jou hart daar aan hom of haar vas.

Gebed vir andere en tot hulle voordeel is nie alleen 'n wonderlike voorreg nie, maar ook 'n verantwoordelikheid. God wil ons saam gebruik om sy koninkryk te laat kom. 'n Belangrike deel van ons wapentuig om dit reg te kry is juis gebed. Daarom lees ons so baie in die Nuwe Testament dat gelowiges vir mekaar bid, soos die profete in die Ou Testament vir die gelowiges gebid het (Num 11:2, 21:7; Fil 1:4; Kol 1:3,9, 4:12; 1 Tes 1:2; File 4). Daarmee erken ons ons betrokkenheid by God en God se betrokkenheid by ons. God staan in die sentrum. By Hom moet ons gaan rapporteer, maar moet ons ook voorrade vir ons almal gaan aanvra vir ons stryd in die wêreld. Vir onself moet ons so bid, maar ook vir ander. Uit die verse wat hierbo genoem is, sien ons telkens hoe gelowiges vir ander gelowiges se geestelike welsyn bid.

In Jak 5:14 kry ons waarskynlik een van die konkreetste oproepe om vir mekaar te bid. Hier kan ons reeds sien watter belangrike rol voorbidding in die vroeë kerk gespeel het. Oor alledaagse sake soos siekte moes gelowiges saam bid. Maar dit was nie al nie. Johannes vra die gemeente om te bid as een van hulle iets verkeerd doen. Hulle moet bid vir daardie persoon se redding (1 Joh 5:16). So naby aan mekaar moet gebed gelowiges bring.

Maak gebruik van die hemelse posdiens. Jou gebede kan 'n

verskil vir ander maak.

Die son van jou gebede moet ook oor jou vyande skyn!

Ongetwyfeld lê die klem in die Nuwe Testament op voorbidding vir mede-gelowiges. Maar dit beteken nie dat ons net voorbidding vir mede-gelowiges mag doen nie! Ook vir ons vyande moet ons bid! Daarbenewens moet ons ook 'n spesiale woord vir die mense wat 'regeer' doen, dit is nou almal van die dorpsraad tot by die president. In gebed maak dit nie soveel saak of hulle vir of teen ons is nie. Daarom skryf Paulus:

Ek dring daarop aan dat daar in die eerste plek

met smeking, voorbidding en danksegging gebid moet word vir alle mense,

vir dié wat regeer en vir almal wat gesag uitoefen,

sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei

in volkome toewyding aan God in alle eerbaarheid.

(1 Tim 2:1-2)

Uiteindelik sê Paulus in 1 Tim 2:3-7 dat die Here tog wil hê dat almal gered moet word. Daarvoor moet daar ook gebid word. Die gelowige moet dus nie in haat en afkeuring teenoor die ongelowiges staan nie! Vir hom of haar is en bly die ongelowige 'n potensieële gelowige. So moet die gelowige ook die ongelowige in gebed aan die Here opdra. Per slot van sake is dit die Here wat die son oor die goeie en die slegte laat opkom. Hy gee vir hulle lewensruimte. Daarom is dit nie te veel gevra vir die gelowige om ook die son van sy gebed oor

die ongelowige te laat skyn nie (Mat 5:44-45; vgl. ook Luk 23:34).

As jy bid, bíd dan regtig!

Dit is goed en wel om met die Here oor dinge te praat. Wat 'n mens egter moet besef, is dat gebede verantwoordelikhede bring. Jy kan nie vir die Here vra om jou buurman te red as jy voortgaan om in kwaai vriendskap met hom te leef nie. Jy is immers die een deur wie God aan jou buurman wil 'verskyn'. Onthou, jou saak is God se saak en God se saak is jou saak. By wyse van spreke kan jy nie maar alles vir God los nie. As jy vir God vra dat sy koninkryk moet kom, vra jy eintlik ook dat dit deur jóú kom. Sy wil wat moet geskied moet deur jou geskied. Net so kan jy nie vir vrede bid, as jy nie 'n vredemaker is nie.

As jy bid dat die Here jou huwelik moet beter maak, moet jy bereid wees om aan daardie huwelik te werk. Dit beteken dikwels, ja gewoonlik, dat jy die minste moet wees. Jy kan nie bid dat God jou probleme by die werk moet oplos as jy oneerlik bly of nie bereid is om aan 'n oplossing te werk nie. As jy bid, moet jy regtig bid. Dit beteken dat jy **voortdurend** sal bid, met ander woorde, dat **jy met jou hele lewe jou gebede aan God waar sal wil maak.**

Nou kan ons van die Here vra wat ons wil!

Kom ons raak prakties. Kom ons vra nou van die Here...

Soos met al die voorafgaande elemente van gebed is dit hier net so belangrik eers na te dink. Dink na oor wat presies in jou gemoed aangaan. Wat wil jy met die Here bespreek? Wat pla

jou? Wat wil jy vir Hom vertel? Onthou jy, toe ons met gebed begin het, het ons net doodstil gesit en dink. Toe het daar verskillende dinge in ons gedagtes opgekom. Hierdie dinge wat so spontaan in ons gedagtes opgekom het, is sekerlik belangrik om met die Here te bespreek.

* Maak nou 'n lysie van dinge wat jy met God sal wil bespreek. Dit kan dinge wees

wat jou pla, sake waaroor jy raad wil vra, iets wat jy met God wil bespreek.....

.....

.....

.....

.....

.....

* Praat nou met God oor elkeen van hierdie sake. Verduidelik aan Hom hoe jy

daaroor voel, hoe jy oplossings vir die probleme sien, wat jy nie verstaan nie en

so aan. Beplan ook aktief saam met God jou lewe, met ander woorde wat jy gaan

doen en hoe jy dit gaan doen.....

.....

.....

..... .
..... .
..... .
..... .

* Dink ook veral aan mense wat jou voorbidding nodig het.
Skryf hulle behoeftes

neer en bespreek dit met jou hemelse Vader. Vra Hom ook hoe jy
daarby

betrokke kan wees om sy koninkryk vir daardie mense te laat
kom..... .

..... .
..... .
..... .
..... .
..... .

* Kyk ook sommer watter gebede van gister en eergister God
verhoor het..... .

..... .
..... .
..... .
..... .

Skrywer: [Prof Jan van der Watt](#)

DIE VLEUELS VAN GEBED (18)

DIE VLEUELS VAN GEBED (18) – Jan van der Watt

Bid vir...

Daar is 'n paar dinge waarvoor die Here sê ons spesifiek kan bid.

*** Bid vir 'n padkaart vir jou lewe.**

In Jak 1:2 sê Jakobus dat ons bly moet wees as dinge verkeerd loop. Juis in hierdie dinge wat so met ons verkeerd loop, leer ons die nabyheid van die Here soveel beter ken. Dit versterk ons geloof. Maar nou gebeur dinge in jou lewe wat alles deurmekaar krap. Jy is nie meer seker wat die regte ding is om te doen nie. Dikwels is die enkele probleem of krisis self so moeilik dat jy nie lig aan die einde van die tonnel sien nie.

In so 'n geval, sê die Here, skakel in op die 'beheerkamer'.

*As een van julle **wysheid** kortkom,*

moet hy dit van God bid,

en Hy sal dit aan Hom gee,

want God gee aan almal sonder voorbehoud en sonder verwyf.

(Jak 1:5)

Die wysheid waarvan hier gepraat word is lewenswysheid. Hoe lei ek my lewe op die regte manier soos wat God wil? Hoe hanteer ek die versoekings wat my so van koers slaan? Wat moet ek doen om God tevrede te stel? **As jou lewe deurmekaar begin raak en jy nie meer weet hoe vorentoe nie, as jou probleme vir jou te groot begin raak... dan is dit die regte tyd: skakel in op die goddelike beheerkamer: vra vir God vir 'wysheid'... en wag vir sy antwoord.**

Maar in Jak 1:6 waarsku Jakobus dan dat 'n mens gelowig moet bid en nie moet twyfel nie. Dit help nie jy vra vir God leiding en jy wil nie sy antwoord aanvaar nie. Dit help ook nie veel as jy twyfel of God aan jou 'n antwoord gaan gee nie. In alle geval, op die manier sal jy nooit God se antwoord behoorlik kan hoor nie. Jou lewe sal dan regtig wees soos 'n brander wat nie weet of dit kom of gaan nie (Jak 1:6-8).

As jy koers verloor het of besig is om koers te verloor, bid God om sy padkaart vir jou lewe weer vir jou mooi uit te stippel. Vra Hom vir wysheid om jou lewe te leef soos Hy dit bedoel het. God staan gereed vir hierdie gebed.

*** Here, U versorg my, ek weet.**

'Gee ons vandag ons daaglikse brood' (Mat 6:11) is 'n vraag met 'n belydenis aan. Met hierdie gebed sê ek vir God dat ek van Hom afhanklik is. Hy hoef ook nie vir my 'n stoor vol brood te gee nie. Ek weet Hy sal môre weer daar wees om my te versorg. Ek is immers sy kind. Hy het belang by my en ek by Hom. Daarom wil God by ons alledaagse sake betrokke wees. Deur ons gebed moet ons Hom dan inderdaad ook 'betrokke maak', al is dit ook net deur ons afhanklikheid van Hom te erken. So het

Jesus ons self leer bid.

*** Here, ek verstaan nie??**

Daar kom tye in 'n mens se lewe wanneer al jou antwoorde in groot vraagtekens verander. Dit kan gebeur by die oop graf van 'n jong kind wat in 'n fratsongeluk dood is of wanneer 'n seun in die fleur van sy lewe kanker opdoen. Wat sê 'n mens dan? Hoe verklaar jy dit?

In hierdie oomblikke van vertwyfeling, vasgevang in allerhande vraagtekens, wil die Here jou nie alleen laat nie. Hy wil nie hê dat jy in sulke oomblikke sonder Hom moet wees of voel nie. Hy wil graag dat jy juis dan met Hom moet praat. Al sê jy net vir Hom dat jy nie verstaan nie, kan jy dit maar sê.

Ek is hulpeloos en arm,

maar die Here dink aan my.

U is my hulp en redder;

my God, moet tog nie talm nie.

(Ps 40:18)

Praktyk toe: in die laboratorium van God

Paulus was in die tronk toe hy die brief aan die gelowiges in Filippi geskryf het. Dáár het hy seker lang ure met God in gebed deurgebring. Geen wonder dat een van die mooiste beskrywings van 'n gebed juis in die Filippensebrief voorkom nie. Dit is die moeite werd om na Fil 4:6-7 van naderby te kyk.

Raak jy besorg? Praat dit uit!

Paulus begin in Fil 4:6 deur te verwys na 'besorgtheid'. Dit is as jy begin bekommerd raak. Jy begin voel dat die beheer van dinge uit jou hande begin glip. Jou eie planne en oplossings begin klaar raak en jy begin wonder hoe verder?! Die beste teken hiervan is as die bekommernis soos 'n muskiet in jou kop begin draai. Jy kan omtrent nie aan iets anders dink nie. In die dag praat jy gedurig daarvan en in die nag hou dit jou wakker.

As dit so gaan, sê die Here, is daar net een paadjie wat jy moet loop: na die troon van God in gebed. Gaan praat met die Here oor jou probleem of besorgtheid. Jy kan jou begeertes in gebed en smeking aan God bekend maak. *'As daar iemand onder julle is wat swaarkry, moet hy bid' (Jak 5:13).*

* Hier praat Paulus van jou '**begeertes**'. Dit gaan oor die dinge wat in jou hart aangaan. Die Here wil hoor wat jy dink en wil hê. Hoe jy die probleem sien, wat jy daarvan dink, watter oplossings daar is... dit alles wil die Here hê moet jy op jou gebedsagenda sit.

* Verrassend word die woord '**smeking**' hier saam met gebed gebruik. Smeking is nie om maar een maal te vra en dan te los nie. Dit is soos 'n seuntjie wat 'n koekie uit sy ma net voor ete wil hê. Hy gesels, dink planne uit, vra nou so en dan so. Hy vertel van die holte diep in sy maag wat nie deur pampoen en boontjies volgemaak sal word nie. Dis die spesiale plek vir koekies. Dit is met ander woorde om jou probleem op 'n intense manier met God deur te gesels. Jy moet aanvaar dat Hy jou probleem net so ernstig neem as jy self! Daarom moet jy dit met Hom uitgesels. Jesus het selfs 'n gelykenis daarvoor vertel van die weduwee wat die magistraat aanhoudend oor 'n saak lastig geval het (Luk 18:1-8). Uiteindelik het die magistraat aan die versoeke van die vrou toegegee. Daarmee wou

Jesus nie 'n onverbiddelike hardkoppigheid in gebed voorskryf nie, maar ons aanmoedig om met Hom intens oor sake te praat sonder om moedeloos te word.

Eintlik sou 'n mens dink dat om te bid dat die wil van die Here geskied, nie plek laat om ook met Hom te worstel nie. Nee, worsteling met die Here oor sake het 'n plek. Soos ons reeds gesien het, is gebed die plek waar ons wil die wil van die Here moet ontdek. In gebed moet jou wil in die wil van die Here vloei. Die Here wil hê dat jy saam met Hom, in gesprek met Hom, antwoorde op jou vrae sal soek en vind.

Dankie Here, ek weet U luister.

In Fil 4:6 staan daar dat ons ons begeertes **met danksegging** aan God bekend moet maak. Wat hier staan is dat terwyl ons vra, ons al dankie moet sê vir wat gaan gebeur! So absoluut moet ons op God vertrou. Ons neem ons saak immers na die beste Advokaat toe. Hy is ook ons Vader! As iemand ons saak goed sal kan behartig, dan is dit Hy!

As jy jou saak voor Hom stel moet jy dus reeds WEET: jou saak is in die beste hande moontlik. Daar sál iets ten goede gebeur. As jy dan met 'dankie' op jou lippe opstaan van jou knieë af, is dit met 'n geloofsbelydenis. Jy vertrou die Here volkome en jy aanvaar wat Hy vir jou gaan doen. Jy het nou net met Hom in gebed oor oplossings geworstel, maar uiteindelik laat jy dit met dankbaarheid in sy hande.

Die vrede gaan my verstand te bowe!

Die resultaat van so 'n gebed kan net vrede wees. Jy het jou saak met die beste en belangrikste Advokaat bespreek. Jy weet

Hy gaan jou saak ten beste oplos. As jy van jou knieë af opstaan en uit sy 'kantoor' stap, voel jy dat jy jou probleme op die beste moontlike plek kon los. Dit is soos iemand wat op 'n verlate pad met sy kar gaan staan het en self nie eers mooi weet aan watter kant die enjin sit nie. Die donker kom nader. In so 'n situasie loop die besorgtheid maar dik. Skielik stop daar 'n ander motor in 'n stofwolk langs hom. Die man maak sy kattedak oop en haal 'n yslike kas gereedskap uit. Dit is die plaaslike motorwerktuigkundige! Op daardie oomblik smelt die besorgtheid in die motoris weg soos sjokolade in 'n honger tiener se mond... skielik maar lekker! Die kar is nog nie reg nie, maar jy weet dit is nou net 'n kwessie van tyd. Die kar is in die regte hande!

So is dit ook met gebed. As jy van jou knieë af opstaan is die probleem waarvoor jy gebid het nog nie opgelos nie. Daar moet nog heelwat gebeur. Nogtans voel jy vrede. Dit is vrede wat iemand anders nie sal begryp nie. Om die waarheid te sê, dit gaan jou verstand te bowe. Ook jy kan dit nie mooi verklaar en uitredeneer nie, maar dit is daar. En die rede is omdat God dáár is. Jou probleem is in die beste hande moontlik. Wat sal dit jou nog help om bekommerd te wees? Wat sal dit help. Jy vertrou mos op die Here. Wys dit ook vir Hom deur Hom ook met jou probleme volledig te vertrou!

Leef in die vrede wat die vertrou op God jou gee, al verstaan jy dit nie altyd nie. In Jesus het God mos aan jou bewys dat Hy jou liefhet. Daaraan hoef jy nooit te twyfel nie.

Leef positief.

Die besorgtheid en probleem wat soos 'n muskiet in jou kop rondgezoem het, moet dus in gebed in vrede verander. Daarvoor moet jy God vertrou. Maar as daar nou niks meer is wat in jou

kop 'rondzoem' nie, wat nou?

Alles wat waar is,

alles wat edel is,

alles wat reg is,

alles wat rein is,

alles wat mooi is,

alles wat prysenswaardig is

– watter deug of lofwaardige saak daar ook al mag wees –

daarop moet julle julle gedagtes rig.

(Fil 4:8)

In plaas daarvan om te sit en top oor alles wat verkeerd is of wat nog verkeerd kan gaan, moet ons liever aan dit wat mooi en reg is dink. As jou gedagtes vol van die mooie is, waarom sal jy dan die graagste praat? Wat sal vir jou die belangrikste wees? In die opsig moet gebed dus ook ons lewens verander, positief verander.

Skrywer: [Prof Jan van der Watt](#)